

# Donderdag 27 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 50:1-32

Fokusgedeelte: Jeremia 50:17-20 (1983-vertaling)

## God verlos ons – sy verdwaalde skape

Ek en jy word gereeld in die Bybel met skape vergelyk: stomme, uitgelewerde diere, oop en blote prooi vir roofdiere en uiteindelik bestem vir die slagtersmes.

In vers 17 sien die Here sy volk in ballingskap: *“Israel is ’n verjaagde skaap, leeus het hom rondgejaag ...”* Hierdie leeus was die konings van Assirië en Babel. God se volk het al sy waarskuwings by monde van profete in die wind geslaan en daarom het Hy hulle in die hande van die twee “leeus” laat beland. Sowel die 10-stammeryk in die noorde (Israel) as die twee stamme in die suide (Juda) is as ballinge weggevoer. Hulle het die prooi van die wêreldmagte geword – blootgestel en uitgelewer.

Die Here hou egter sy verbondsbeloftes. Hy hou sy volk vas. Al is hulle soos skape wat in doodsgeware rond dwaal en prooi van wolwe word, bly Hy hulle Herder. Hulle ellende in ballingskap was nie verniet nie, want hulle swaar beproewings dwing hulle tot inkeer. Vers 4: *“Dan, in daardie tyd, sê die Here, sal die Israeliete en die Judeërs saam vertrek. Hulle sal huil-huil loop en na die wil van die Here hulle God vra. Hulle sal die pad vra na Sion toe ...”*

Ons lewe deesdae ook al hoe meer in soortgelyke toestande. Ons is skynbaar uitgelewer aan wêreldmagte – geldmagte, politieke en sosiale “roofdiere” wat ons Christelike beginsels belaglik voorstel en ons van ons vryheid beroof. Die wêreld word skynbaar deur Mammon beheer en deur goddelose politieke ideologieë aangedryf. Ons voel in vele opsigte soos Israel en Juda destyds – blootgestel en uitgelewer!

Ons hoor vandag dieselfde trooswoorde uit God se mond as wat sy volk destyds gehoor het: *“Dan, in daardie tyd, sê die Here, sal daar navraag gedoen word na die sonde van Israel, na die oortredinge van Juda, maar daar sal niks gevind word nie, want Ek sal die sonde van die wat oorbly, vergewe.”* Nie almal wat in ballingskap as verdwaalde skape lewe, sal gered word nie. Die Here Jesus sê: *“Baie is immers geroep, maar min is uitverkies.”* Net diegene wat deur ’n ware geloof in die Lam van God, wat aan die kruis geslag is, ingelyf is – hulle ontvang die ewige lewe. Die res word saam met die goddeloses vir ewig verdelg. Babel en sy koning Nebukadneser word uitgelewer om vir ewig verlore te gaan.

Sing: Psalm 23-1:1, 2, 3

Dr. DJ de Kock (Danie) (Emeritus)